Magus Thor'rauna
Hoëpriester van Satan in Suid-Afrika

Phil Botha neem Christus aan as Heer

deur Francis B.

(vertaal deur Marcel)l

Kopiereg © Francis B.

2014

Opgedra aan

"Ek dra hierdie getuienis op aan die nagedagtenis van Clive Esmond Petzer, wyle Pastoor van die Assemblies of God Kerk van Amanzimtoti in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika. Hy het op 20 Julie 1969 vreedsaam in sy slaap gesterf en aan die voete van sy geliefde Jesus Christus gaan sit. Sonder sy toewyding en uithouvermoë sou ek nooit die besluit geneem het om Christus as my Saligmaker aan te neem nie.

"Deur eindelose beproewings, vervolging en aanslae op my lewe in die vroeë jare van my bediening het hy my gehelp, bemoedig en ondersteun toe ander my openlik veroordeel het. Ek eer jou, Clive Petzer, my broer in Christus."

Phil Botha

Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle." (Openbaring 14:13)

Inleiding

Aan alle ouers wat eers die inhoud van hierdie boek wil nagaan voor dit gekoop word: wees verseker dat julle geen enkele okkultiese of Satanistiese dreunsang, omgekeerde gebed, towerspreuk, vloek, beskrywings van resepte, towerdrankies, toormiddels of gelukbringers, tekeninge of foto's van enige Satanistiese embleem, simbool of diagram in hierdie boek sal vind nie. Hierdie biografie is uiters tienervriendelik, en is drie keer herskryf juis met daardie spesifieke doel voor oë. Daar is van meet af aan besluit om 'n gemaklike skryfstyl te gebruik sonder om enigiets weg te neem van die dramatiese, ware lewensdrama wat jy nou in jou hande hou.

Geen Christen-tiener of -jongmens se lewe sal bedreig word deur hierdie biografie te lees nie; inteendeel, dit sal hulle selfs nader aan God bring. Ons grootste gebed is dat elke ongelowige wat hierdie boek begin lees en dit voltooi, vir Jesus Christus daardeur sal vind.

Phil Botha het sy opdrag om 'n getuie vir Hom te wees, direk van die Here ontvang, en die reëls wat deur die Here neergelê is vir sy bediening, is ook streng nagevolg by die skryf van hierdie boek voordat dit gepubliseer is.

Geen bose gees, geestelike gids of demoon se werklike naam (wat baie duidelik uitgespreek moet word wanneer hul teenwoordigheid verlang word) word gebruik nie. In plaas daarvan het Phil skuilname gebruik om jongmense wat uit verveeldheid probeer om 'n demoon op te roep, te beskerm.

Jesus Christus moet alle eer vir Phil se lewe en hierdie biografie ontvang, vanaf die eerste tot die laaste bladsy. Ons het opsetlik nie die woorde "Satan" en "die duiwel" gebruik nie, maar regdeur die boek eerder die naam wat hy in die Bybel genoem word, naamlik "die vyand".

Mislei deur 'n hoërskool-onderwyser wat kontak met die dooies gemaak het en ontnugter deur 'n predikant wat aan hom die ewige lewe belowe het nadat hy belydenis van geloof afgelê het, verlaat Phil die skool en begin by 'n laboratorium werk. Hy word na 'n kerk genooi waar niemand veroordeel word of daar gepreek word oor die hel en sonde nie. Drie weke na sy niksseggende Christelike geloofsaflegging word hierdie verbitterde, verwarde tiener in Pietermaritzburg as Satanistiese priester ingelyf. Vir die volgende sewentien lang en eensame jare word hy vasgevang in die mees geheime en onopspoorbare organisasie in die wêreld.

Hierdie biografie sal jou skok, verbaas en seën, en by tye sal dit jou selfs sprakeloos laat. Niks is bygevoeg om die vyand boser te maak as wat hy reeds is nie, en geen bonatuurlike effekte is ingevoeg ter wille van sensasie nie. Hierdie boek is deur die Heilige Gees geïnspireer en om Christus gesentreer.

Ons sekondêre gebed en begeerte is dat hierdie boek deur elke onderwyser, lektor, prediker, polisiebeampte, magistraat, ouer en tiener in Suid-Afrika gelees sal word. Weens die geweldige tekort aan geloofwaardige kennis oor en bewyse van Satanisme, sukkel die howe om onderskeid te tref tussen dade uitgevoer deur verveelde, gewetenlose, sadistiese tieners en misdade weens Satanisme.

Dit is nie so dat iemand een oggend wakker word en besluit om 'n Satanis te word nie. Phil Botha is reeds voor die ouderdom van tien uitgekies deur die geeste wat

die Beweging beheer, gevolglik het hulle hom geleidelik ingetrek deur middel van verskynings, onderwysers en predikante.

Neem kennis van die volgende feite rakende Satanisme:

GEEN persoon onder agtien word ooit gewerf of toegelaat om enige seremonie by te woon nie.
GEEN kind van twaalf of vyftien word bedwelm en deur middel van seks oorreed om by die Beweging aan te sluit nie.
GEEN lid van die Beweging het nog ooit enigiets uit die Sataniese Bybel in enige seremonie gebruik nie.
GEEN lid word toegelaat om vriende en familie (nie eers hul man of vrou) in te lig oor hul affiliasie by Satanisme nie, en hulle sal beslis nie kinders aan die brand steek en die voorbladnuus haal nie.

Lees gerus self in Hoofstuk 3 wat gebeur wanneer ‘n bekende voormalige model, wat ook ‘n heks in die Satanistiese beweging was, probeer om inligting oor die geheime van die Beweging aan ‘n joernalis te verkoop. Om sake vir haar te vererger, maak sy ongelukkig ook die fout om reeds haar vliegtuigkaartjie uit die land te bespreek.

Christene het beskerm-engele wat elke woord wat ons uiter, hoor en dit laat verdwyn sodra ons vergewe is. Net so word lede van die Beweging dag en nag dopgehou deur dieselfde misleidende geeste wat hulle in die Beweging ingelok het. Hulle maak seker dat die vergaderplekke nooit gevind word nie deur dit elke twee weke te verander. Verder kan geen lid van Satanisme ooit in die geheim ‘n sms of e-pos stuur of ‘n oproep maak na enige polisiebeampte, joernalis of televisie-aanbieder nie. Die opsigters van die Beweging sien en hoor hulle sodra hulle tik, skryf of praat, en daar is altyd gevolge, soos vir die model in Hoofstuk 3.

Hierdie boek is ‘n kragtige getuienis-instrument. Dit toon nie net die omvang van Christus se krag nie, maar ook die diepte van sy vergifnis en liefde. Gebruik dit om ons jongmense weg te kry van die vyand en terug te lok na Jesus Christus, waar hulle hoort.

Voetnota:

Met die geweldige toename in kinderprogramme op televisie wat deurspek is met okkultiese invloede, is dit net gepas dat ope briewe aan tieners, ouers, onderwysers, lede van die Beweging en selfs aan die huidige Hoëpriester van Satanisme in Suid-Afrika gerig word. Hierdie briewe word na die laaste hoofstuk ingesluit.

Hoofstuk Een

Mislei deur “Lig” en Duisternis

Ek het in Pietermaritzburg aan die suidooskus van Natal (nou Kwazulu-Natal) in Suid-Afrika grootgeword, waar ek ook skoolgegaan het. My kinderjare was egter nie gelukkig nie omdat ek as anders as die ander beskou is en nie bevriend kon raak met die ander leerlinge nie. Niemand het geweet wat regtig in my kop aangaan nie en dit het gelyk asof niemand omgee dat ek God begin haat en vrees het nie. Daardie God wie se naam vanaf die preekstoel verkondig is, was altyd so haatdraend teenoor my en die hele mensdom en Hy sou almal straf wat Hom nie gehoorsaam nie.

Ek het dikwels onder my bed weggekruip omdat ek bang was vir God en as die Natalse donderstorms gewoed het, het ek gebid en gesmeek dat Hy my teen die weerlig moet beskerm. Eers het ek Hom gevrees, maar later het die vrees in haat verander en dit het aanhou groei tot in my laat tienerjare. Ek het soos ‘n dwaas geskreeu en God uitgedaag om uit die hemel neer te daal sodat ek Hom nog ‘n keer kon kruisig.

Ek het God gevloek en belaster, want my ouers het my gedwing om Sondagskool toe te gaan. Daar moes ons Jehova se gebooie en bevele aanhoor en uitvoer, sodat ons regverdig voor God kon wees, soos Dominee altyd gesê het.

Een nag het ek uit ‘n diep slaap wakker geword en in die donker het ek ‘n blonde vrou, in wit geklee, by die voetenent van my bed sien staan. Sy het na my gestaar en geglimlag. My gille het my ma wakker gemaak en sy het my kamer ingestorm oomblikke nadat die gedaante verdwyn het. Die volgende oggend het ek die rukkings en trekkings van Sint Vitusdans ervaar en vir ses maande lank aan hierdie siekte gely.

Gedurende hierdie tydperk het dieselfde gedaante nog vier keer verskyn en ek het haar geleidelik begin aanvaar. Naderhand het die vrees verdwyn en ek het na haar besoeke begin uitsien. Sy het eers twintig jaar later weer verskyn en toe was ek gereed om haar as ‘n natuurlike fenomeen in my lewe te aanvaar.

In 1951 het ek my skoolloopbaan voltooi en as tegniese assistent by ‘n klein laboratorium begin werk. Ek was sewentien jaar oud en moes vir my aanneming voorberei. Alle kandidate wat die voorgeskrewe ouderdom bereik het, moes twee weke lank Bybelstudieklasse bywoon en is dan amptelik as lidmate van daardie gemeente aangeneem. Selfs al het nie een van ons iets geweet van die Bybel, Jesus of dit waaroor ons in die kerk of in ons lewens moes standpunt inneem nie, moes ons steeds deur hierdie proses gaan.

Vir my en die meeste ander naïewe tienerseuns was katkisasie slegs iets wat ons moes doen om ons ouers tevrede te stel, en ons ouers het ons gedwing net om die dominee tevrede te stel! Ons was egter opgewonde oor die feit dat ons vir die eerste keer alkohol wettiglik in die openbaar kon gebruik. Die dominee het aan ons die Heilige Nagmaal bedien, dus moes dit seker God se goedkeuring weggedra het. Dit het in elk geval ons ouers en die dominee tevede gestel. Dit was egter van geen nut in ons verwarde jong lewens nie: om aangesê te word om ‘n God te volg omdat ons ouers gedwing is om Hom te gehoorsaam en te dien, het nie vir ons sin gemaak nie.

Daardie Sondagoggend het ons gehoor dat ons almal vir seker reguit hemel toe sou gaan. Ons is onmiddellik aangeneem as kinders van God en ons het vanaf daardie

oomblik die ewige lewe ontvang. Deur slegs voor die kansel te resiteer dat Jesus uit ‘n maagd gebore is, vir die sonde van die mens gesterf het en op die derde dag opgestaan het, is ons almal se name in die Boek van die Lewe in die hemel opgeteken. Dominee het ons ouers dit gewaarborg toe hy sy preek afgesluit het.

Ek kon nooit verstaan hoedat Bybelversies opsê ‘n mens die ewige lewe kon besorg nie, maar jy is nooit toegelaat om dit wat Dominee gesê, besluit of gepreek het, te bevraagteken nie. Jy sou sekerlik gestraf word weens disrespek as jou ouers dit moes uitvind. Niks het op die dag van my aanneming of daarna verander nie, behalwe dat ek God Jehova nog meer as ooit tevore gehaat het. ‘n Week na my aanneming het ek nie meer kerk toe gegaan nie en vir die eerste keer in my lewe is my besluite aanvaar – die enigste goeie ding wat uit my aanneming gespruit het.

‘n Paar dae voor my agtiende verjaarsdag het ‘n jong man by die laboratorium begin werk en ek het besef dat hy anders as al die ander was. Hy het boeke oor die okkulte en spiritisme gelees en sy idees was baie vreemd, maar tog ook interessant. Ek het hom begin uitvra oor die geesteswêreld en oor God. Hy het my vertel dat die God van die Bybel ‘n mite is, want God is liefde, en omdat Hy liefde is, kan daar nooit ‘n plek soos die hel of verdoemenis wees waar jy vir jou sondes gestraf word nie.

Hy het met soveel oortuiging gepraat dat ek meer wou weet van hierdie geloof waarin daar geen vrees was nie. Ek het hom gevra watter kerk hy bywoon, waarop hy geantwoord het dat dit die Heiligdom van die Groot Lig *(Sanctuary of the Great Light)* is. Hy het my saamgenooi na die volgende Saterdag se diens. Ek het die uitnodiging gretig aangeneem. Saterdagaand het hy my by die huis opgelaai en ons het met die nasionale pad na Durban gery.

By ‘n ou, verlate Rooms-Katolieke Kerkgebou het hy stilgehou en sy motor geparkeer. Alles was in donkerte gehul en daar was baie motors by die ou gebou geparkeer. Hy het na die deur toe gestap, geklop en ‘n medaljon aan die huiwerige deurwag getoon, wat ons laat ingaan het. Dowwe rooi ligte het die plek verlig en die mense het gerook en gedrink. Tot my uiterste skok en verbasing was sommige mense gedeeltelik ontklee en besig om op die vloer seksueel te verkeer. Aan die ander kant van die vertrek was daar ‘n groot altaar in swart gedrapeer, met ‘n onderstebo kruis daarop vasgemaak.

Paniekbevange het ek my nuwe vriend gevra om my huis toe te neem, maar hy moes ‘n afspraak nakom en het belowe om my daarna dadelik terug te neem. Ek het baie ongemaklik en ontuis gevoel. Skielik stop iemand ‘n glas in my hand en verwelkom my amptelik. Na ‘n rukkie het ek ‘n paar slukke geneem en uiteindelik die hele glas geledig. Toe nog een en nog een. Toe my vriend opdaag om my huis toe te neem, het ek geweier om te gaan – ek het dit te veel geniet. Ons is eers die volgende oggend net voor dagbreek daar weg.

Na daardie aand het ek ‘n paar keer alleen gegaan. Ek is gul in hul Heiligdom verwelkom as een van hulle. Toe ek een nag daar aankom, was daar een of ander seremonie aan die gang. ‘n Naakte jongman was besig om op die polsende ritme van tromme en ‘n vreemde Oosterse tipe musiek te dans. Ek het sprakeloos en betowerd toegekyk hoe sy liggaam kronkel en krul, die spiere onder sy vel rimpelend en glansend in die rooi lig.

‘n Rukkie later het ek agtergekom dat iemand na my staar. Toe ek oor my skouer kyk, sien ek ‘n lang man in ‘n wit oorpak wat my aanstaar. Hy het opgestaan en beduie

dat ek by sy tafel moes aansluit. Terwyl ek soontoe gestap het, het sy imposante postuur my opgeval. Ek is ses voet twee duim lank (amper 1.9 meter), maar ek moes opkyk na sy massiewe skouers en baie dun middel. Hy was oor die sewe voet (2.13 meter) lank, met lang blonde hare, groot blou oë en die mees perfekte gelaatstrekke wat ek al ooit aan ‘n man gesien het.

Hy het terloops gevra of ek soos die jongman wou dans en ek het instemmend geknik. Toe ek in sy oë kyk, het ek opgelet dat daar iewers agter in sy oë ‘n lig verskyn het. Daarna het ‘n aangename, warm gevoel my omvou. Al het ek hoe hard probeer, was dit onmoontlik om my oë weg te skeur, en ek het daarvan bewus geword dat ek besig was om al my klere uit te trek tot ek poedelnakend was. Ek het op maat van die vreemde polsende ritme geswaai en begin dans. Spoedig kon ek nie meer my liggaam beheer nie en het ek gedans asof ek in ‘n droom vasgevang was. Al my bewegings was outomaties en soepel.

Na meer as ‘n uur het ek uitgeput op die vloer neergesak. Hierdie lang man het my sonder inspanning opgetel en na ‘n sykamertjie gedra, waar ek my asem teruggekry en stadig aangetrek het. Hy het op die enkelbed gesit, omgedraai na my toe en gevra of ek ‘n priester wou word. Ek het die aanbod gretig aanvaar, al het ek nie die vaagste benul gehad wat dit behels het of van my sou verg nie.

“Voordat ons jou as priester kan aanvaar, moet jy eers twee vrae beantwoord. Dink baie goed na en antwoord eerlik,” het hy gesê.

“Ja, ek sal ernstig nadink en eerlik antwoord,” het ek belowe.

“Laat ons dan begin met die eerste vraag. Het jy al ooit Jesus Christus as jou persoonlike Saligmaker aangeneem?”

“Um ... ek is nie seker wat jy bedoel nie, maar ek is ‘n paar weke gelede as lidmaat aangeneem na twee weke se Bybelstudie,” het ek probeer verduidelik en gehoop dit was voldoende om my te aanvaar.

“Aangeneem as lidmaat?” het hy hardop uitgeroep en afkeurend gefrons. “Dit beteken absoluut niks nie. Het jy al ooit Jesus as jou persoonlike Saligmaker áángeneem?” het hy omgekrap herhaal.

“Nee!” het ek geantwoord en klaar aangetrek. Teen hierdie tyd het ek ietwat geïntimideer gevoel deur my ongeskikte ondervraer en ek was nogal onseker oor sy bedoelinge, aangesien sy houding heeltemal verander het. Ek het nie geweet watter soort antwoord hy verwag het nie.

“Die tweede vraag: Het jy al ooit in ‘n vreemde taal begin bid of praat? Met ander woorde, is jy al ooit met die Heilige Gees gedoop?” Ek het opgelet dat hy baie ongeduldig raak en het probeer om so vinnig en eerlik as moontlik te antwoord.

“Ek is gedurende katkisasie deur ons dominee geleer dat slegs die Apostoliese kerke daaraan glo en dat dit nie meer plaasvind nie. Ons kerk glo nie aan hierdie ding van in tale praat nie,” het ek geantwoord en stilletjies gegiggel by die blote gedagte daaraan dat dit ooit in my ouers se gemeente toegelaat sou word.

“Het jy dit al ooit ondervind? Antwoord eerlik,” het hy aangedring met toenemende irritasie in sy stem, terwyl hy my aangluur. Ek wou net wegkom uit hierdie donker kamer. Ek het ongemaklik gevoel en met my klere gevroetel terwyl ek kalm probeer lyk het. My stem het hoorbaar gebewe toe ek antwoord.

“Nee, ek het nog nooit sulke dinge gedoen nie. Hoekom vra jy sulke vrae, en wat het dit met die priesterskap te doen?” Hy het hom vir my vererg en met woede in sy

stem dié woorde uitgespoeg: “As jy enige sodanige ervaring gehad het, sou ons jou nooit as priester kon aanvaar nie, maar slegs as ‘n gewone lid. Ons beskou ‘n persoon wat so ‘n ervaring gehad het en dit durf waag om na ons toe te kom, as nie eens werd dat ons meester op hom spoeg nie,” het hy kwaad afgesluit terwyl hy al harder gepraat het.

“Wel, ek ... ” het ek huiwerig probeer om hom te kalmeer, “ek het eerlikwaar nog nooit sulke ervarings beleef nie. Daarbenewens het die kerk dit nog altyd verdoem. Ons is geleer dat God wreed is en ‘n wraaksugtige God,” het ek bygevoeg en maar gehoop ek klink oortuigend.

Die lang man het oor die bed geklim, sarkasties gegrynslag en gesê: “Ja, as daardie kerke maar net geweet het hoeveel skade hulle hulself en ander aandoen! Die blinde, onnosele dwase!”

“Wat ... presies bedoel jy?” het ek halfhartig gevra.

“Toemaar, ek sal later verduidelik. Ek moet jou begin voorberei vir jou inlywing in die priesterskap, sommer al van môreaand af. Kan jy vir die volgende twee weke elke nag by die huis wegkom?” Ek het bevestigend geknik.

“Jy moet môreaand na hierdie adres gaan. Ek glo jy sal die plek maklik kry.”

Ek het geskrik toe ek die adres herken wat netjies op die stukkie papier geskryf was. “Maar hoe dan nou, dit is dan ‘n Christelike kerk,” het ek totaal verward gesê. Toe hy opstaan, het hy weereens bo my uitgetroon en met effense ergernis in sy stem verduidelik.

“Christelik? Nee, dit is beslis nie Christelik nie. Hulle bely dat hulle Christene is, maar hulle is nes ons, net onder ‘n ander dekmantel. Daar is baie van daardie sogenaamde ‘Christelike kerke’ wat so ver van die waarheid van die Bybel afgedwaal het dat hulle nie ware Christene kan wees nie.”

Hierdie nuwe openbaring het my geskud en geskok. Hy het die deur oopgemaak en gesê: “Meld môreaand aan by die plek en vra vir Zurall. In hierdie sogenaamde Christelike kerk sal hulle jou help om voor te berei vir jou inlywing in die priesterskap.”

“Dis ‘n vreemde naam ... Zurall,” het ek opgemerk terwyl ek stadig na die oop deur beweeg.

“Dit mag vir jou vreemd klink, maar dit is my naam,” het hy gesê en in die donker skaduwees verdwyn, terwyl ek oor alles nagedink het wat ek daardie nag ervaar het. ‘n Ruk later het ek die tempel verlaat, baie in my skik, maar ek het steeds probeer verstaan waarom juis daardie spesifieke vrae gevra is, en watter vreemde redes Zurall daarvoor aangevoer het.

Die volgende aand is ek na die afgespreekte plek en die voorbereiding het begin. Ek is na ‘n klein kamertjie geneem, waar ek ‘n klein boekie moes bestudeer. Ek het met ‘n skok besef dat die eerste paragraaf ‘n weergawe van Die Onse Vader was, maar dit was so verander en verdraai, dat daar ‘n naar gevoel op my maag was. Ek het altyd die gebed snags opgesê voordat ek gaan slaap het, net om God tevrede te stel sodat Hy my nie straf nie.

Ek moes daardie nag die veranderde weergawe van die gebed oor en oor herhaal vir Zurall, en later is ek gedwing om sekere dele op ‘n sekere manier te beklemtoon. Die res van die boek het instruksies in verband met my gedrag teenoor meerderes en ander lede van die Tempel bevat. Daar was ook baie streng instruksies

oor vriende, familie en dié aan die buitekant, in die Pinksterkerke en ander evangeliese bewegings.

Laasgenoemde idee was vreemd en verwarrend, want hoe kon die vyand my seermaak as ek eers ‘n priester was van Lucifer, wat ek met my lewe wou dien? Ek het Zurall gevra, maar hy was versigtig om te veel te sê voor my inisiasie.

“Hoe kan ‘n Pinksterkerk my of selfs vir jou leed aandoen?”

“Nie fisies nie, maar hulle is die naaste aan ware, toegewyde Christene wat daar is. Hulle wyk nie af van die Bybel nie en glo nie net in die manifestasie van die Heilige Gees van God nie, maar gebruik en pas die gawes toe wat Hy hulle gee. Boonop verwelkom hulle Hom ook openlik by al hul dienste. Daarom is hulle ons grootste en ergste vyande op die aarde. Ons verwerp die Bybel en Jehova (die term vir Jesus Christus wanneer Hy in die tempels bespreek word), want hulle dien Hom en ons is totale teenoorgesteldes en vyande van die kruis!”

“Maar al die kerke glo sekerlik in God, die Heilige Gees en Jesus Christus? Hoekom is hulle dan nie almal ons vyande nie?” wou ek weet.

“Dit gaan oor die manifestasie van die Heilige Gees,” het hy vies geantwoord en toe met die diepe haat van eeue in sy stem verduidelik.

“Jehova kan gelowiges in enige kerk gebruik as die manifestasie van sy Gees vryelik deur gelowiges aanvaar en beoefen word. Hy sal selfs een toegewyde volgeling as sy segsman aanwys om ‘n hele byeenkoms van gelowiges toe te spreek. Sy boodskap sal dan in ‘n onbekende taal gelewer en uitgelê word in die spreektaal of moedertaal van daardie gemeente, sodat almal teenwoordig dit kan verstaan. Jehova genees ook die siekes, dryf die boodskappers van my meester uit en verrig steeds wonders en wonderwerke, maar slegs deur sekere gelowiges,” het hy baie geïrriteerd afgesluit. Ek het met ‘n frons hierdie mededeling ernstig bevraagteken.

“Jy maak sekerlik ‘n grap! Jehova? Ek dog God het nooit enigiets goeds aan ander gedoen nie. Haat Hy nie mense nie? Selfs my ou Sondagskoolonderwyser het my dit geleer,” het ek geantwoord.

“As dit maar so was!” Zurall het die gesprek net daar beëindig. “Wees môreaand om agtuur hier en moenie na enige van daardie kerke toe gaan net om jou nuuskierigheid te bevredig nie!”

Op pad huis toe het die nuwe insig wat ek verkry het my weereens verbyster en onthuts. Ek het nog nooit enige manifestasie van die Heilige Gees gesien of gehoor nie en kon my nie voorstel dat God direk met mense praat nie.

Skielik het ek hardop gelag en gedink dat hy beslis ‘n grap gemaak het, net om vas te stel of ek hom glo. Zurall was besig om my te toets. Hy wou weet of ek een van daardie kerke sou besoek. Ek weet hy lag vir my en my onnoselheid. Ek sal nie weer sulke vrae vra nie. Zurall moet regtig dink ek is onnosel. God met mense praat? Nie sedert sy Seun gekruisig is nie, want dit is duidelik dat Hy nou die wêreld haat.

“God, hoor U my?” Ek het my stem verhef en my vuis vir die sterre gebal en God uitgedaag. “Ek wil net vir U sê dat ek U glad nie meer vrees nie. Ek weet dat U nie vir mense omgee nie, maar slegs daarin belangstel om te verwoes. Ek het besluit om Lucifer as my god aan te neem. Ek wil nie ‘n God hê wat so jaloers en kwaad is soos U nie. As U my nou dadelik kon doodslaan, sou U, maar U kan nie, want ek behoort aan Lucifer en ek vrees U nie meer nie!” het ek in woede en vrees uitgeroep.

Byna onmiddellik was daar sonder enige waarskuwing die geweldige helder flits van ‘n verskietende ster aan die hemelruim en ek het gewonder wat sou gebeur as ‘n donderstorm skielik losbars op pad huis toe. Sou ek nog so selfvoldaan wees?

Die volgende aand is ‘n swart kobra op die rugkant van my linkerhand getatoeëer. Ek het gesidder toe ek daarna kyk, want ek was vir slange byna so bang as wat ek vir ‘n donderstorm was.

Om verstaanbare redes mag ek nie die fynste besonderhede in verband met enige seremonies uiteensit nie, maar wanneer ek by geleentheid uitvoerig uitbrei, onthul ek hoe ingewikkeld en uiters gevaarlik Satanisme waarlik in sy suiwerste vorm van bedrieglikheid is. Geen rituele, seremonie of metodes van geeste oproep sal beskryf word nie en kan ook nie op die Internet gevind word nie. Die redes sal later verskaf word.

Op die sewende nag (gedurende my derde inisiasie) was daar ‘n finale seremonie waartydens ek lewendig in ‘n doodkis begrawe moes word. Die deksel is toegemaak en stewig vasgeskroef terwyl ek wou versmoor van vrees. Ek wou skree en met my vuiste teen die deksel en sykante hamer, maar ek het my onderlip vasgebyt in ‘n poging om kalm te bly. Ek kon voel hoe die doodkis opgelig word en effens swaai soos wat die “zombies” (lewende dooies) die ses handvatsels vasgegryp het.

Ek het saggies in trane uitgebars en gehoop die klank word uitgedoof deur die onaardse gedreunsing terwyl hulle my na buite dra – voorwaarts, hulpeloos, swaaiend, op pad na die dood. Waansin, vrees, versmoring en ‘n stadige dood, het dit deur my gedagtes geflits, en ek het probeer om nie te skree nie. Die doodkis het van kant tot kant geswaai terwyl die draers met hul lae, monotone, spookagtige stemme sing.

My afgekoude naels het in my vel ingegrawe soos ek my vuiste toegeklem het. Die are in my gesig en nek wou bars soos my hart met elke klop ooreis is. My gewig het na die een kant verskuif soos hulle oor die rotse geklim en my byna laat val het. Die swaaiery en singery het opgehou en die kis is op die grond neergesit. Zurall se sterk stem het die doodse, onaardse stilte verbreek.

“Phil, ons gaan nou die doodkis in die graf laat sak. Is jy seker dat jy hiermee wil voortgaan? Hierdie zombies gaan jou lewendig begrawe, want hulle voer slegs my bevele uit. Is jy baie, baie seker?” Sy laaste woorde het in die naglug verdwyn en my verstand het uitgeroep: Laat my hier uitkom, asseblief God, laat my net uitkom! Maar ek het so kalm en dapper soos ek kon met ‘n bewerige stem geantwoord.

“Ja, ek is seker. Gaan voort!” Geen woorde kan die angs van daardie verskriklike nag beskryf, of die vrees wat my verstand, siel en hele liggaam beetgepak het nie. My hart het onstuimig al hoe vinniger geklop en hartverlamming was onafwendbaar in die stikdonker en doodse stilte. Hulle het die kis in die graf laat sak en ek het weer saggies begin snik toe ek voel hoe die kis teen die kante van die vars graf stamp – ses voet diep!

Die vrees het my versmoor en my keel was so droog dat ek nie kon sluk nie. Trane het by my wange afgerol en my oë gebrand. Ek kon nie eens my oë afvee nie, want my arms was teen my sye vasgedruk. Die werklikheid van hierdie uiterste hulpeloosheid tref my toe die eerste skep grond op die kis se deksel val – ek word régtig lewendig begrawe!

Uiteindelik het die stilte my omgewe en die geringste beweging het soos ‘n geweerskoot in my ore weerklink. Alles was doodstil. Met my oë wawyd oop en die

swart donkerte van die kis gevou om my emosionele en onstabiele verstand, was my enigste redelike gedagte dié van onafwendbare versmoring en ‘n baie stadige dood!

Ek het vir ‘n ewigheid bewegingloos bly lê. Skielik was daar in die donkerte ‘n groter wordende wit lig. Dit het ‘n gesig geword, ‘n bekende gesig. Dit was Zurall se glimlaggende gesig. My eerste gedagte was dat ek kranksinnig geword het. Ek het my oë ‘n oomblik styf toegemaak en weer oopgemaak, en die gesig was weg!

Na ‘n rukkie het ‘n helderrooi lig in die kis bokant my borskas gegloei, en dit het die vorm van ‘n beeldskone vrou met lang, blonde hare aangeneem. Haar naakte liggaam was bo-op myne, teen my aangedruk. (As deel van die seremonie moes elke kandidaat nakend die dood in die oë kyk – soos wat hy in die wêreld gekom het.)

Ek kon haar warmte teen my aanvoel terwyl sy my probeer verlei en prikkel, daarom het ek op ‘n ou vrou gekonsentreer wat my probeer verlei het toe ek tien jaar oud was. Sodoende kon ek daarin slaag om weerstand te bied teen hierdie versoeking, en dit het eensklaps verdwyn!

In haar plek verskyn egter ‘n groot slang, met die kop gelig en gereed om toe te slaan. My enigste verweer was om my oë te sluit en te wag dat die giftande in my vlees inslaan. Dit sou ‘n einde maak aan hierdie onverklaarbare beproewing. Ek sal nooit weet hoe lank ek van vrees gebewe het onder daardie slang se kop en vlymskerp giftande wat heen en weer rakelings oor my gesig geswiep het nie, maar die sweet het my afgetap toe ek uiteindelik ‘n geluid hoor. Kon dit sand wees wat verskuif word? Ja, dit was ‘n graaf wat teen klip skuur, en die geluid het al hoe harder geword.

Ek kon voel hoe die kis opgelig word. My hart het vinniger geklop toe die kis op vaste grond neergesit word. Ek is gered! Ek kon hoor hoe die deksel losgeskroef word en ek het in trane van verligting uitgebars oor ek nie sou doodgaan nie, maar ek was nog banger oor my onseker lot. Die lig het my verblind toe die draers die deksel lig en Zurall my ophelp. Hy het sarkasties gegrynslag.

“Hoe voel jy, Phil?” wou hy weet.

“Ek voel oukei, maar ek hoop ek hoef nooit weer so ‘n beproewing deur te maak nie!” Hy het my verseker dat alle ander vereistes in die aanloop tot die hoof-inisiasie maklik was en dat dit wat ek so pas deurgemaak het die ergste van alles was. Op pad huis toe het ek weer oor my beproewing nagedink en ek was verlig dat alles verby was. Daardie nag het ek egter die ergste nagmerries van my lewe gekry. Ek is oor en oor lewendig begrawe.

Die volgende nagte se inisiasies en ervarings is vir niemand buite die Beweging van belang nie en sou slegs nuuskierigheid by jong lesers veroorsaak, dus brei ek nie daarop uit nie.